met g'n woord nie, onuitspreeklik.

**<u>NOU: Romeine 8:15</u>**
Julle het die Gees ontvang
wat julle tot kinders van God maak
en wat ons tot God laat roep: ABBA!
dit beteken Vader.

Die Gees roep waar???? In jou hart!!!!!
Die Gees sug waar ???? By die Vader!!!!

Die Gees skreeu, roep <u>uit</u> in jou hart, roep uit jou hart uit,
roep tot Die Here, Die Vader, die Liefdevolle Vader,

Die Gees skreeu in die hemel
jou Naam, +
jou kind se Naam

## Ernstig **Erns** Ernsie ……………………………………………

Here, sien daai kind raak
gee om vir hom, en haar, moeder, ouma, oupa en vader,
Vader ons kan die kind nie prysgee nie
die kind sug, trek te swaar.

Here, (lees : 29) U moet alles laat uitwerk, asseblief
help Vader. Bid die Gees

Romeine 8 : 33 + 34
Die Gees bid in ons harte/ Die Gees bid by die Vader.
miskien trek jy al lank swaar, die Gees pleit vir jou
die Vader weet van jou, Jesus pleit vir jou, ek bid vir jou.
Amen.

God van liefde?



# SUG

*Hansie Slim berg wil klim*
*in die wye wêreld in*
*stok en hoed pas hom goed*
*hy is vol van moed*
*maar die moederhart is seer*
*Hans is in die huis nie meer*
*hoor nou net, moeder <u>SUG</u>*
*hardloop gou-gou terug.*

Ons staan stil by Romeine , sekerlik die hoogtepunt van alles wat Paulus ooit met ons oor die Here wou deel, as ons 1 hoofstuk uit die Bybel moes uithaal, moet, 1 kies vir wie God is, en wat Hy doen, en hoe Hy by ons lewe betrokke is, dan sou mens nie 'n fout gemaak het om Romeine 8 te kies nie.
Mag die Here ook deur Sy Gees vir ons help, en dit in ons harte ook oorskryf. Net die Gees kan ons vandag daarmee help.
So help my God?

LEES: Romeine 8: 14 -
1 Ding wat die hele wêreld in gemeen het, is dat almal sug.
kerkmense sug, ouers sug, internasionaal, 'n wêreldtaal,
kinders sug. 'n wêreldtaal

Paulus praat 3 x in Romeine 8 van SUG.

## 1e sug: :22

Jy moet net in die natuur inloop
Dan hoor jy hoe kreun en steun die skepping
die skepping kry swaar
die aarde "overshoot"
alles sê vir ons dat die skepping sug.
Die see temperatuur het gestyg, min, reeds baie min, maar
dit het yslike konsekwensies.

Dink hieraan, die 1e skeppingsverhaal, hoe lank het dit God geneem? 6 dae! Uit watter dag se skepping het die moeilikheid gekom? die 6e dag, die mens. Dit wat God in die 1e 5 dae geskep het, het Hom nog nooit moeilikheid gegee nie
MAAR DIS ONS, die 6e dag se skepping.

---

## 2e sug : Romeine 8:23

Ons sug ook, nie net die skepping nie, ons ook.
Ons wat die Gees as die **1e Gawe** van God ontvang het,
die enigste plek id Bybel waar dit staan
ons het die Gees ontvang as 1e Gawe, sug ook.



**Gawe** hier beteken OFFER
God OFFER aan jou
id OT offer wie: die Israeliete
vat daai diere na die Here toe
nou draai God dit om
die Lewende Here, bring 'n offer aan mense
Jesus is geoffer, opgeoffer, vir mense in sonde
hier skryf Paulus totaal uniek
en sê die Gees is aan jou geoffer.

Hou moed
God gaan die sluise vd hemel ooptrek
die hemelse Gees is aan die kerk gegee
dit is die 1e gawe
God gee aan jou nog meer gee.

En tog sug ons, ouers, al het jy die Gees as 1e gawe ontvang
is hierdie lewe partykeer so hard dat jy dit nie kan uithou nie
jy sug, oupa sug, ouma sug, moeder sug, pappa is stil,
so swaar dat Christene nie kans sien om verder te lewe nie
en Christene roep, (roepe, waarom, hoe, wat nou).

Jy sal weet wat hard is.

## 3e sug: Romeine 8:26

Maar daar is 'n 3e sug, 'n belangrike sug
"die Gees, die 1e offer
die Waarborg dat God sal offer
en die pad met jou sal loop,
al gaan ek oor deur die dal van doodskaduwee (Psalm 23).

Die Goeie Gees, die Gees SUG
met 'n sug "versugtinge" wat jy nie kan vertel nie